

22 AUGUSTUS

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 76
FOKUSGEDEELTE: PSALM 76:12**

Om egte ontsag vir die Ontsagwekkende te hê

Waar Asaf in Psalm 75 gelowig vooruitkyk, kyk hy hier eers terug na hoe God 'n wonderbaarlike oorwinning bewerk het deur 'n magtige vyand te oorval en te verdryf. Sy beskrywing hiervan herinner aan hoe God sy mense verlos het toe Jerusalem deur die Assiriërs van Sanherib omsingel is. Alles het verlore gelyk, maar toe het die Engel van die Here een nag 185 000 soldate doodgemaak en die aanval afgeweer (2 Kon. 19).

Nou wil Asaf ons op twee dinge wys: Eerstens is die Here die Lewende God. Te midde van die duister, verskyn Hy in skitterglans. Hy is "die Ontsagwekkende" (1983-vertaling), "die Vreeslike" (1953-vertaling). Hy help, maar wee die arme mens wat in sy hande val!

Tweedens, 'n mens kan jou indink hoe Jerusalem se mense in die tyd vóór die uitkoms God in gebed daarvoor gesmeek het. Ja, hoeveel keer het jy nie ook al gebid dat jy dit of dat sal doen as Hy jou uit jou probleme sou help nie! Waar mense gou is om sulke beloftes te maak, is ons nie altyd ewe gou om ons beloftes na te kom nie. Daarom dat Asaf die verlostes in vers 12 oproep: "Bring aan die Here julle God die dankoffers wat julle belowe het!" Hy hou nie van mense wat sy Naam ligtelik aanroep en sommer wilde beloftes maak nie (Pred. 5:4). Jy wil nie hê dat Hy vir jou kwaad moet word nie.

Ons reaksie op die uitkoms waarvoor ons God gebid het, wys hoe eg ons ontsag vir Hom is. Het jy Hom lief as jou Vader deur Jesus Christus? Of is Hy vir jou maar iemand wat wel handig is om in moeilike tye te ken, maar nie iemand met wie jy graag elke dag wil saamleef nie?

Sing: Psalm 38:1, 8, 16, 17 (1936-beryming)

Ds Francois Muller (Uitschot)